

# KOPPELVAK/INTERFACE

## Die groterwordende sosiale verantwoordelikheid van die onderneming in Suid-Afrika

*Little doubt exists that South Africa is experiencing social and economic problems of threatening attitude. Business must get involved in the solutions of these problems, not only because its own survival is at stake, but also because business has special advantages above other institutions of society to tackle the problems. By making a visible contribution to the solution of social problems, an opportunity is utilized to gain a position of leadership within society. This, however, will require co-operation and co-ordination amongst individual firms and between business and government. Managers will have to develop a long term approach toward profit maximization. Encouraging evidence exists that business is prepared to make a contribution to the solution of society's pressing problems.*

### 1. INLEIDING

Tot onlangs het daar min twyfel by ondernemingsleiers bestaan oor wat die primêre doelwit van die onderneming as instelling van die gemeenskap is. Die meeste was dit eens dat bestuurders hul aandag feitlik uitsluitlik moes bepaal by die maksimalisering van die rentabiliteit van die kapitaal wat in die onderneming geïnvesteer is oor die lang termyn. Lorig bevind byvoorbeeld in 1967 dat 'n groep bestuurders 84,2% verantwoordelikheid teenoor aandeelhouers voel, 17,6% teenoor klante, 11,3% teenoor onderskeidelik werknekemers en krediteure en slegs 2,4% teenoor die gemeenskap.<sup>1</sup> Omdat die rentabiliteitstrewe dikwels die enigste riglyn vir bestuursbesluite was, is nie rekening gehou met die nadelige implikasie van ondernemingsaktiwiteite wat uitsluitlik gerig was op rentabiliteitsmaksimalisering nie. Die onderneming is gevvolglik aanspreeklik gehou vir sekere nadelige gevolge vir die gemeenskap, byvoorbeeld produksionveiligheid en omgewingsbesoedeling, wat direk toeskryfbaar was aan die optrede van die onderneming. In die jongste tyd word egter ook van die onderneming verwag om by te dra tot die oplossing van sosiale probleme wat nie noodwendig deur sy toedoen ontstaan het nie. "Larger and larger portions of society are coming to the view that the acute social and environmental problems of society cannot be solved unless the role of the corporation is expanded to include other than purely economic responsibilities".<sup>2</sup>

Hierdie verandering in die verwagtinge wat aan die onderneming gestel word, dui moontlik op 'n fundamentele bevraagtekening van die tradisionele rol van die onderneming binne die gemeenskap. Waar dit

vroeër algemeen aanvaar was dat dit die verantwoordelikheid van die owerheid is om na die sosiale welsyn van die gemeenskap om te sien, word vandag van die onderneming verwag om al hoe meer op hierdie terrein betrokke te raak. Dit is van die grootste belang dat opnuut besin word oor die verantwoordelikhede van onderskeidelik die onderneming en die owerheid binne ons gemeenskap.

### 2. DIE GROEIENDE VERWAGTINGE VAN DIE GEMEENSKAP

Dit wil voorkom asof eise van 'n sosiale aard in 'n steeds groeiende mate aan die onderneming gestel word. So byvoorbeeld meld die besturende direkteur van die Norton-onderneming in sy 1975-jaarverslag dat "the vast majority of business people have not kept pace with society's changing expectations" en "traditional commercial values have lost much of their appeal with the general public".<sup>3</sup> Ook in Wes-Europa gaan daar stemme op dat "de ondernemingen een sociale verantwoordelikheid hebben en een maximalisatie van het winstbegrip niet langer meer mogelijk is".<sup>4</sup>

Min rede bestaan om te verwag dat ondernemings in Suid-Afrika hierdie tendens kan ignoreer, des te meer weens die aard van die situasie waarin die Suid-Afrikaanse gemeenskap homself op hierdie tydstip bevind. "Suid-Afrika het selde nog soveel probleme op soveel verskillende fronte gehad om tegelyk die hoof te bied".<sup>5</sup> Duidelike tekens bestaan dat sowel die internasionale as die binnelandse gemeenskap die onderneming beskou as dié instelling wat 'n sinvolle bydrae kan lewer tot die oplossing van die vraagstukke van die land. Beide vanuit die V.S.A.<sup>6</sup> en die E.E.G.<sup>7</sup>

word groot druk op plaaslike filiale van onderskeidelik Amerikaanse en Wes-Europese ondernemings uitgeoefen om bepaalde aanpassings te maak op maatskaplike gebied. Ook van binne die gemeenskap word daar 'n duidelike oproep gedoen dat ondernemings moet bydra tot die oplossing van sosiale probleme soos gebrekkige behuising vir swart stedelinge en onvoldoende onderwysfasilitete vir 'n deel van die swart bevolking van die Republiek.<sup>8</sup> 'n Voormalige lid van die Stedelike Bantoeraad van Soweto het onlangs beweer dat die onderneming die enigste instelling is wat die Suid-Afrikaanse gemeenskap van sosiaal-ekonomiese ondergang kan red.<sup>9</sup>

### 3. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN VOLDOENING IN GEMEENSKAPSVERWAGTINGE

Dit is 'n onteenseglike feit dat van die Suid-Afrikaanse ondernemingswese verwag word om betrokke te raak by die oplossing van die fundamentele vraagstukke van die gemeenskap. Daar is in beginsel drie redes waarom die onderneming daadwerklik moet poog om in hierdie verwagtings te voldoen.

Eerstens behoort dit selfs vir die uitsluitlik wins-georiënteerde bestuurder begryplik te wees dat die winsgewendheid en groei van sy onderneming afhanklik is van die bestaan van 'n stabiele, geordende samelewing. Waar die onderneming dus betrokke is by die oplossing van probleme wat 'n bedreiging inhoud vir die gemeenskap, lewer die onderneming in werklikheid 'n bydrae om sy eie voortbestaan te verseker.

In die tweede plek is die onderneming in Suid-Afrika op die oomblik, wat sekere aspekte betref, in 'n gunstiger posisie as die owerheid om dringende sosiale probleme sonder vertraging aan te pak. Die onderneming is byvoorbeeld polities onverbonden en is nie afhanklik van die steun van 'n meerderheid kiesers nie. Bowendien is individuele ondernemings veel meer buigsaam en aanpasbaar as die overheidsmajinerie. Dardens word die onderneming 'n unieke geleentheid gebied om "today's antipathy to business"<sup>10</sup> uit te wis en werklik 'n leier in die gemeenskap te word. "And, of course, the aspiring leader must have the opportunity for, and must try, leadership. He must take one step forward, must think and say what he thinks".<sup>11</sup> So byvoorbeeld kan 'n sigbare bydrae deur die ondernemings tot die verbetering van die lewensomstandighede van swart werkers alleenlik vertroue in die vermoëns van private, kapitalistiese ondernemings bevorder.

### 4. ENKELE VOORWAARDES VIR DIE SINVOLLE BETROKKENHEID VAN DIE ONDERNEMING

Opvatting omrent die winsmotief sal ietwat gewysig moet word. Waar dit tot en met die vroeg sewentigerjare van die grootste belang was dat winste elke jaar groter as dié van die vorige jaar moes wees, sal nou 'n langtermyn benadering tot rentabiliteitsmaksimalisering ontwikkel moet word. Motorvervaardigers sal byvoorbeeld bereid moet wees om ten koste van kort-

termynwinste, groot bedrae te bewillig vir die ontwikkeling van energiebesparende motors, om soodoende te verseker dat op die langtermyn 'n voldoende vraag sal bestaan na die motor as ekonomiese vervoermiddel.

Die belangrikheid van 'n vorm van samewerking en koördinasie tussen ondernemings kan nouliks oorbelektoon word. "Individuel het bestuursbesluite ook selde 'n noemenswaardige uitwerking op die landsekonomie as geheel. Gesamentlik kan die invloed van hierdie besluite egter verrekend wees."<sup>12</sup> In 'n artikel wat onlangs verskyn het, word eweneens gewys op die belangrikheid van samewerking tussen bemarkingsbestuurders om 'n internasionale ekonomiese orde wat ingestel is op die besparing van skaars natuurlike hulpbronne, te bewerkstellig. "However, the immediate challenge is the formation of an ad hoc group of far-sighted marketing managers who firmly believe that it will require collegial planning, research and action so that marketing can play a rewarding role in the NIEO."<sup>13</sup> Die stigting van die Urban Foundation kan beskou word as die eerste stap in die rigting van gekoördineerde ondernemingsoptrede om sosiale vraagstukke in Suid-Afrika te help oplos.

Tussen die onderneming en die owerheid behoort 'n besondere verstandhouding te bestaan. Dit is die plig van die owerheid om te verseker dat die onderneming die vryheid wat eie is aan die kapitalisme, behou, ook waar dit om die oplossing van sosiale vraagstukke gaan. Sodoende word voorkom dat 'n belangrike voordeel van die onderneming, naamlik sy vermoë om vinnig en onverbonden op te tree, onbenut gelaat word. Andersyds kan dit weinig goeds inhoud indien die onderneming die owerheid voortdurend konfronteer, sonder om self ten minste 'n deeglike begrip te verkry van die owerheidsbenadering tot sosiale vraagstukke. Dit is egter belangrik dat die onderneming nie sy identiteit as eiesoortige, afsonderlike instelling van die gemeenskap sal verloor nie. "Confrontation should be replaced by co-operation", maar "a certain amount of tension and arm's length dealing should characterize the government's relationship with business."<sup>14</sup>

Dit het noodsaaklik geword dat die onderneming en die owerheid in Suid-Afrika 'n doelbewuste en beplande dialoog voer met die oog op die daarstel van 'n werkbare verhouding tussen owerheid en onderneming sover dit die oplossing van sosiale vraagstukke betref. 'n Voorvereiste is egter dat "the leaders of both institutions require a fuller education in the differences, as well as the similarities, of leadership roles in business and in government"<sup>15</sup>

### 5. SLOT

Bemoedigende getuienis bestaan dat bedryfsleiers in kapitalistiese lande 'n bydrae wil lewer tot die oplossing van sosiale probleme. Holmes rapporteer byvoorbeeld navorsingsresultate wat daarop dui dat "executives anticipated more positive than negative outcomes from the social efforts of their firms, and

almost all executives believed that corporate reputation and goodwill would be enhanced through social endeavours."<sup>16</sup> In Suid-Afrika werk sekere motorvervaardigers aan 'n "equal opportunity code of ethics."<sup>17</sup>

Die kundigheid, inisiatief en leierskap van ondernemings in Suid-Afrika is 'n onontbeerlike inset om 'n oplossing vir ons sosiale vraagstukke te vind. Dit is van die allergrootste belang dat bedryfsleiers en die owerheid in oorelog met mekaar maniere vind waarop die tot nou ongebruikte potensiaal van ondernemings sinvol ingespan kan word.

## VERWYSINGS

- <sup>1</sup> Steiner, G A, *Top Management Planning*, Macmillan, London, 1969, p. 1789.  
<sup>2</sup> Votaw, D en Sethi, S P, "Do We Need a New Corporate Response to a Changing Social Environment", in Votaw, D en Sethi, S P (reds.), *The Corporate Dilemma – Traditional Values versus Contemporary Problems*, Prentice Hall, Englewood Cliffs, 1973, p. 174.  
<sup>3</sup> Jeppson, J, *President's Message*, (Jaarverslag van Norton Inc., V.S.A., 1975), p. 2.

<sup>4</sup> Schools, J, "Optimalisatie versus maximalisatie/1.", *Intermediair*, 22 April, 1977, p. 17.

<sup>5</sup> *Beeld*, 16 Julie 1977.

<sup>6</sup> *The Star*, 2 Maart 1977.

<sup>7</sup> *The Star*, 13 Julie 1977.

<sup>8</sup> *Financial Mail*, 8 Julie 1977.

<sup>9</sup> *The Star*, 23 Mei 1977.

<sup>10</sup> Steiner, J F, "The Business Response to Public Distrust", *Business Horizons*, April 1977, p. 74.

<sup>11</sup> Davidson, H J, "The Top of the World is flat", *Harvard Business Review*, Maart-April 1977, p. 98.

<sup>12</sup> Poolman, J, "Die opkoms van die beroepsbestuurder en enkele implikasies daarvan", *Publikasie-reeks van die Randse Afrikaanse Universiteit*, Johannesburg, 1971, p. 23.

<sup>13</sup> Van Dam, A, "Marketing in the New International Economic Order", *Journal of Marketing*, Januarie 1977, p. 22.

<sup>14</sup> Jacoby, N H (red.), *The Business – Government Relationship – a Reassessment*, Goodyear, Pacific Palisades, 1975, p. 173.

<sup>15</sup> Loc. cit.

<sup>16</sup> Holmes, S L, "Executive Perceptions of Corporate Social Responsibility", *Business Horizons*, Junie 1976, p. 40.

<sup>17</sup> *The Star*, 20 April 1977.

## BOOK REVIEW

*Modern Credit Management*, by Patrick R.A. Kirkman, George Allen, Unwin, London: R19.80

The book contains little that is new to anyone who has been involved in credit management. Its subtitle "A study of management of trade credit under inflationary conditions" is not indicative of any new approach: rather, it is intended to emphasize the importance of credit management under such conditions. Kirkman has written primarily for the British credit controller, whose practices he contrasts rather unfavourably with those of his counterparts in the USA and continental Europe. Most of the book is therefore aimed at telling the British credit manager just how these people carry

out their jobs, after an introductory chapter which gives a very lucid explanation of why it is important to the management of cash resources for credit management to be improved.

While much of the book is therefore devoted to a fairly routine (but very well written) discussion of the credit controller's task, there are a few very useful chapters on factoring and credit control assessment which should be of great interest to most businessmen, plus a survey of comparative international practices which may just give food for thought.

F. McLeary